

Ds. A. W. C. Bester
Lambertsbaai
29 Oktober 2000

Onderwerp: 'n Christen is nie besorg nie

Lees: Matthéüs 6 verse 25 - 34
Teks: Die perikoop
Sing: Gesang 40 verse 1 en 4
Gesang 53 vers 2
Gesang 47 verse 3 en 5

“Wat 'n genade dat ons na Jesus mag luister. Die ewige God openbaar Homself aan ons in die Seun van sy liefde - Jesus!

“En Jesus is in staat om elkeen van ons vanmôre in die oë te kyk en ons diepste nood en behoefte te peil. Hy ken elkeen van ons se verlede en ons toekoms, daarom kan Hy 'n gesaghebbende Woord spreek. En mag God gee dat hierdie Woord vanmôre ons harte sal binnedring en in vrugbare grond sal beland, ontkiem, opskiet en vrug dra.

“Broers en Susters, wat so wonderlik is, is dat Jesus se Woord nog niks van sy aktualiteit en trefkrag verloor het nie, sedert daardie dag toe Hy dit teen die hange van die berg gespreek het. Ook vir die een en twintigste eeu se mens - vir jou en vir my - het Hy 'n boodskap.

“Broers en Susters, die Satan laat geen steen onaangeroer om jou en my geloofsverhouding tot God in Jesus Christus te ondergrawe nie. As hy van ons swak en kleingelowige kinders van God kan maak, skakel hy ons mettertyd uit as vegters in die leëmag van Jesus Christus.

“Vir die Duiwel maak dit nie saak of ons vir onself skatte opgaan op aarde nie. Vir die Duiwel maak dit nie saak of ons, ons bekommer oor aardse goed en tydelike nood nie. Solank ons net meer besig is met ons goed, as met God.

“U sien, Broers en Susters, as ons gedagtes vol is van allerlei kwellinge en sorges oor kos en klere, is ons hart nie vol van God nie - en dit is al wat die Duiwel wil hê.

“Kom ons kyk indringend na Jesus se woorde in Matthéüs 6 verse 25 - 30. Presies wat bedoel Jesus met hierdie uitspraak?

“Wil Hy dat ons maar gevoelloos oor die smarte van die lewe moet heen kyk? Of is daar rede tot kommer as mens jou lewensomstandighede in ag neem? Is kos en klere dan van geen belang vir Jesus nie?

“Stel uself die volgende situasies voor:

“Jou kind word na ’n motorfietsongeluk in die hospitaal opgeneem. Hy is bewusteloos en sy beserings lyk baie ernstig. Die woorde van die chirurg aan jou is: ‘Ons sal ons bes doen, maar moenie te veel verwag nie.’ Sal jy bekommerd wees?

“Jy verneem dat poste by jou werk afgeskaf gaan word as gevolg van regstellende aksie. Daar is ’n sterk moontlikheid dat jy jou werk gaan verloor. Sal jy bekommerd wees?

“Jy wag in die spreekkamer van die geneesheer op die uitslae van die toetse. Jy vermoed dat dit kanker kan wees. Sal jy bekommerd wees?

“Broers en Susters, Jesus praat hier met mense wat aan die daaglikse lewendruk uitgelewer is. Mense wat dikwels moet spook om kop bo water te hou en geloof te behou. Waar elke dag se kos en klere vandaan moet kom, weet hulle nie.

“Vir hierdie mense sê Jesus: Moenie bekommerd wees nie.

“Makliker gesê as gedaan. Nie waar nie? Wil Jesus werklik vir ons sê dat daar geen rede vir bekommeris in hierdie lewe is nie? Nee, Broers en Susters! Ek dink Jesus wil eerstens die onomstootlike feit van menslike bekommernis as ’n lewenswerklikheid erken.

“Jesus praat nie oor goed wat mense raak nie. Nee, Jesus praat oor dinge wat mense se gedagtes in beslag neem, dinge wat hulle lewensgang bepaal.

“Ja, wil Jesus in Matthéüs 6 sê: Ek weet julle brood en botter probleme is vir julle van lewensbelang. Ek verstaan my kinders! Ek verstaan! Daarom wil Ek julle raad gee. Luister na My!

“Broers die Griekse woord wat Jesus hier vir bekommernis gebruik, maak duidelik wat Hy bedoel. Jesus gebruik ’n interessante woord, ’n woord waarmee iets aangedui word wat ’n mens se aandag kan aftrek of verdeel.

“In Lukas 12 vers 29 word dieselfde woord gebruik en wat vertaal word met: ‘... en julle nie ongerus maak nie.’ Dit wil sê moenie toelaat dat daar twyfel, onsekerheid in julle gemoed kom nie en dat julle aandag daardeur afgetrek word van die een ding wat nodig en onmisbaar is nie. Die beste en nodigste van alles is om elke dag aan die voete van Jesus te sit.

“Broers en Susters, as ons soos Martha so besig en besorg is dat ons nie tyd vind om rustig by Jesus te wees nie, is daar fout.

“En daardie een ding is om ons oog op God in die Hemel gerig te hou en Hom met onverdeelde hart te dien.

“Daarom Broers en Susters, wil Jesus in ons teksgedeelte met helder kontras die sware las van lewensbekommernisse teenoor die bevryding van God se versorgende liefde illustreer.

“Laat ons maar erken, daar is vele dinge in hierdie lewe wat ons besorg maak. Soms dryf hierdie dinge mense tot raserny en soms selfs tot selfmoord.

“Vir sulke mense sê Jesus: Nee! Wag, moenie dat jou kommer jou onderkry nie. Kom na My toe en ontdek die allesomvattende genade van jou Hemelse Vader.

“Hy wil en kan vir jou sorg.

“U sien, Broers en Susters, wanneer jou en my daaglikse lewe ’n stryd om bestaan en voortbestaan word, loop ons gevaar om nie meer die wonder van God se skepping en sorg vir veë, voëls en blomme raak te sien nie. En die ergste van alles, dan kyk jy en ek by ons Skepper verby.

“En dan, Broers en Susters, verstaan en begryp ons nie ’n God wat ons pyn laat verduur nie; wat jou, jou werk laat verloor en laat honger ly of jou by die graf van ’n dierbare laat staan nie.

“Job se gedagte het letterlik teen hierdie werklikhede vasgeslaan. Hy het sy situasie moeilik kon versoen met ’n God wat liefhet en wat omgee; en dat God van hom ’n teiken van sy pyle gemaak het!

“Netso die digter van Psalm 77.

“U weet self, Broers en Susters, al die trooswoorde en teologiese verklarings van Job se vriende kon vir hom geen berusting bring nie. Die hartseer, pyn en waarom vrae het sy lewe bly oorheers.

“Toe neem God vir Job op ’n uitstappie in die ruimte van die natuur. En daar het Job God se heerlijkheid en grootheid aanskou. Daar het Job ontdek en gesien hoe God vir sy skepping sorg.

“Daar het Job ontdek dat God te alle tye in beheer is. En dit is waarom dit gaan in ons teksgedeelte.

“Dit is nie die antwoorde op jou en my kwelvrae wat berusting bring nie, want môre en oormôre duik daar weer ander op.

Nee, Broers en Susters, wat berusting bring, is die wete dat God altyd daar is. Dat God binne roepafstand is. Dat Hy my Vader is en dat Hy sorg en dat Hy liefhet.

“Ja, God is daar. God is groot. God is in beheer.

“Maar Broers en Susters, God wil ook weer nie hê dat jy en ek onbesorg deur die lewe moet gaan nie. Hy moedig ons nie aan om tot luiheid oor te gaan en om ons verantwoordelikhede te ontduik nie.

“Nee, Broers en Susters, Hy wys jou en my as sy kind op ons groot verantwoordelikheid as Hy in Matthéüs 5 vers 3 sê: Gelukkig is hulle wat weet hoe afhanklik hulle van God is.

“Dit gaan vir Jesus oor die plek wat sy Vader in die lewe van sy kinders moet inneem. Met ander woorde, hoe dink ons oor die Hemelse Vader? Hoe vêr vertrou ons, ons Hemelse Vader en neem ons, ons Hemelse Vader op sy Woord.

“Is dit nie so dat mense se geloofsaktiwiteite aan die lig kom juis in noodsituasies nie. Dan hou hulle spoedeisende gebedsbyeenkomste. Dan word God se hulp dringend ingeroep. Dan word God die noodwiel wat beskikbaar moet wees omdat ons geestelike lewe pap geword het.

“Dus Broers en Susters, wat wil Jesus vanmôre vir ons in hierdie teksgedeelte sê? Jesus wil vir ons sê: Moenie God as ’n noodhulp gebruik nie, maar lewe elke dag gelowig uit God se hand. Vertrou jou hele lewe aan Hom toe.

“Ja dit het alles met geloof te make. Die mens wat deur die geloof lewe, hou rekening met God se wil. So ’n mens gaan voor alles met sy behoeftes na God toe.

“Kwelling of vertrou? Wat doen u in u lewensnood?

“Onthou, kleingelowiges is mense wat bely dat hulle ’n Hemelse Vader het, maar intussen leef hulle soos weeskinders.

“Kleingelowiges is mense wat op die stormsee van die lewe hulle deur omstandighede en noodsituasies laat oorweldig, terwyl Jesus binne roepafstand is.

“Kleingelowiges is mense wat dink dat God slap en afwesig is, terwyl hulle alleen moet veg om kop bo water te hou.

“Kleingelowiges is mense wat vergeet dat God wat in die Hemel woon, ’n God is wat wonders kan doen.

“Kleingelowiges is mense wat vergeet het wat die digter in Psalm 73 ontdek het, naamlik: Tog was ek nog altyd by U. Want U vat my aan die hand. U lei my met U raad en aan die einde sal U my in ere by U opneem. Al is ek afgetakel na liggaam en gees. God is my sterkte. Aan Hom behoort ek vir altyd.

“Kleingelowiges is mense wat ondergaan.

“Maar Broers en Susters, daar is ’n oplossing vir die kwellinge van die lewe. Ons hoef nie onder te gaan nie.

“Jesus gee die antwoord in Matthéüs 6 vers 33: Beywer julle allereers vir die Koninkryk van God en vir die wil van God.

“Om jou allereers vir God se Koninkryk te beywer is nie maklik nie, want dit beteken dat jy jou selfsug moet kruisig en leer om van jou af weg te kyk en sodoende die geestelike en materiële nood van jou naaste raak te sien.

“Om jou vir God se Koninkryk te beywer is ’n leefwyse van toewyding en afhanklikheid. Dit is om jou lewe en jou besittings tot beskikking van God te stel en dan vanuit God se genade te leef.

“Ek sê dit is nie maklik nie, want wat doen ons? Ons sorg eers vir onssself en dan moet God tevrede wees met die krummels wat van die tafel val.

“Jesus nooi ons om ons brood op die water te gooi. Om alles te verkoop en Hom te volg en om ons liever te bekommer oor wat God se doel met ons lewe is.

“Wat sal jy vanmôre moet gaan verkoop? Waarvan moet jy ontslae raak? Waaroor lê jy snags wakker en rol rond in jou bed?

“Luister na die mooi seënbede wat Moses, die man van God vir Aser toegebid het: Mag jou sterkte soos jou dae wees. (Deut 33:25). Ons behoort dié gebed elke dag te bid en vir God te vra om ons krag te gee om elke dag se behoeftes te kan hanteer.

“Onthou, Jesus Christus is gister en vandag dieselfde tot in Ewigheid. (Hebr 13:8)

“Elkeen van ons - kinders van God - kan een dag op ’n keer oorwinnend, suksesvol, vreugdevol en kommerloos lewe, want wat Jesus vir ons gister was, is Hy vandag ook en sal Hy môre ook wees.

“Wat het ’n mens meer nodig as hierdie versekering. Kwel julle dus nie.

“Amen.”